

Die vroeë kerk se daaglikse lewe



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se les:

Handelinge 2:42–46; Handelinge 4:34, 35; Handelinge 3:1–26; Handelinge 4:1–18; Handelinge 5:1–11; Handelinge 5:34–39

Geheeteks:

“En dag vir dag het hulle eendragtig volhard in die tempel en van huis tot huis brood gebreek en hulle voedsel met blydskap en eenvoudigheid van hart geniet” (Handelinge 2:46, 47).

Die vroeë kerk se sin vir dringendheid kon nie meer intens gewees het nie. Die wyse waarop Jesus die vraag oor die oprigting van die Messiaanse koninkryk beantwoord het deur nie aan te dui presies wanneer dit sou gebeur het nie (Handelinge 1:6–8), kon beteken het dat alles van die koms van die Gees en die voltooiing van die apostoliese sending afgehang het. Daarom het die vroeë gelowiges na Pinkster gedink dat alles vervul was: hulle het die Gees ontvang en die evangelie met die hele wêreld gedeel. Dit beteken nie dat die apostels Jerusalem verlaat het en die wêreld ingegaan het nie, maar dat die wêreld na hulle toe gekom het (Handelinge 2:5–11). Wat volgende gebeur het, was dat die kerk haar losgemaak het van materiële dinge. Omdat hulle aangevoel het dat die tyd kort was, het hulle alles verkoop en hulleself aan studie toegewy, en aan die samesynbyeenkomste terwyl hulle aangehou het om van Jesus te getuig, maar net in Jerusalem. Die gemeentelike samesyn wat hierdeur ontwikkel het en wat baie effektief was om die armes te ondersteun, het baie gou ‘n probleem geword, en God het toe tussenbeide gekom om die kerk se eenheid te bewaar. Dit was ook gedurende hierdie tyd wat hulle teenstand begin ondervind het. Maar, te midde van dit alles het hulle geloof standvastig en onveranderd gebly.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 21 Julie.*

Onderwysing en samesyn

Na Pinkster verskuif Lukas se fokus na ‘n algemene beskrywing van die gemeenskapslewe binne die kerk in Jerusalem. “En hulle het volhard in die leer van die apostels en in die gemeenskap en in die breking van die brood en in die gebede” (Handelinge 2:42). Dit kan as onderwysing en samesyn opgesom word. Volgens vers 46 het die onderrig in die tempel, en die samesyn in private huise plaasgevind. Rondom die tempelhof was daar stoepe met dakke wat dikwels vir rabbynse onderrig gebruik was. Die gelowiges se toewyding aan die apostels het getoon dat die gawe van die Gees hulle nie net in ‘n oorwegingstemming gelaat het nie, maar dat hulle in ‘n intense leerproses onder leiding van die apostels betrokke geraak het, wie se gesaghebbende onderwysing deur wonders en tekens gekenmerk was (Handelinge 2:43).

Geestelike samesyn was nog ‘n onderskeidende kenmerk van die vroeë Christene se toegewydheid. Die gelowiges was gedurig saam, nie net in die tempel maar ook in hulle huise waar hulle maaltye met mekaar gedeel het, die Avondmaal gevier het, en saamgebied het (Handelinge 2:42, 46). Deur hierdie daaglikse vierings het die vroeë Christene hulle hoop op Jesus se spoedige koms wanneer Sy gemeenskap met hulle in die Messiaanse koninkryk herstel sou word, gevestig (Matthéüs 26:29). Private huise het ‘n sleutelrol in die vroeë kerk se lewe gespeel. Die gelowiges het nog die daaglikse seremonies in die tempel bygewoon (Handelinge 3:1), en op Sabbatdae was hulle vermoedelik saam met hulle mede-Jode in die sinagoges (Jakobus 2:2), maar die toepassing van die kenmerkende toegewydheid van Christenskap het in huise plaasgevind.

Lees Handelinge 2:44, 45; 4:34, 35. Wat was ‘n belangrike eienskap van die vroeë Christelike samesyn?

Omdat hulle geglo het dat die einde ophande was, het hulle besluit dat materiële besittings, hulle “private eiendomme” (om ‘n meer nuwerwetse term te gebruik) nie meer so belangrik was nie. ‘n Meer algemene gebruik vir hulle aardse hulpbronne het vir hulle meer toepaslik gelyk. Daar was geen rede om oor die toekoms te bekommer nie, want die Messias sou self in hulle behoeftes in die Messiaanse koninkryk voorsien (Lukas 22:29, 30). Hierdie mededeelsaamheid het ‘n dieper gevoel van eenheid by hulle opgewek, terwyl dit ook ‘n buitengewone voorbeeld van Christelike vrygewigheid was.

Hoe vrygewig is jy met dit wat jy van die Here ontvang het?

Die gesondmaking van ‘n man wat lam was

In Handeling 3:1 lees ons dat Petrus en Johannes om drie-uur na die tempel gegaan het om die uur van gebed by te woon. Dit dui aan dat die kerk gedurende hierdie vroeë periode hoofsaaklik ‘n Joodse karakter weerspieël het. Dit wil sê, die apostels het nie net na die tempel gegaan om onderrig te gee of om nuwe bekeerlinge te maak nie, maar, omdat Petrus en Johannes nog steeds Jode was en sodanig nog steeds getrou aan Joodse godsdienstige gebruike was (Handeling 20:16, 21:17–26), ten minste tot en met hierdie tydstep. Daar het hulle toe ‘n verbasende wonderwerk gedoen (Handeling 3:1–10), wat aan Petrus ‘n geleentheid gegee het om nog ‘n preek te lewer.

Lees Handeling 3:12–26. Watter hoofpunte het Petrus in hierdie preek beklemtoon?

Vyf hoofpunte het die vroeë kerk se prediking gekenmerk: Jesus was die Messias wat gely het (Handeling 3:18); God het Hom opgewek (Handeling 3:15); Jesus was in die hemel verheerlik (Handeling 3:13); Hy sal weer kom (Handeling 3:20); en bekering is nodig vir die vergifnis van sonde (Handeling 3:19). In baie opsigte is dit dieselfde boodskap wat ons vandag aan die wêreld verkondig, selfs al het die konteks verander. Die apostels het nog steeds vanuit ‘n Joodse agtergrond opgetree, en, in plaas van om hulle godsdienste te verander, moes die mense eintlik net van die ou verbond na die nuwe een “migreer” het. As God se volk moes hulle die Messias aanvaar en die wedergeboorte ondervind het wat die gevolg was van ‘n ware aanvaarding van Jesus.

Alhoewel die situasie verskillend is, is die boodskap nou hoofsaaklik dieselfde: Christus het vir ons sondes gesterf, het opgestaan, en sal weer terugkom. Dit beteken dat ons verlossing in Hom kan vind. Selfs in die konteks van die drie-engele boodskappe van Openbaring 14 is Jesus Christus se kruisiging, Sy opstanding en Sy wederkoms die middelpunt van hoe ons die drie boodskappe moet verkondig.

“Meer as al die ander belydende Christene behoort Sewendedag-Adventiste allereers Christus voor die wêreld op te hef. Die aankondiging van die derde engel se boodskap behels die aanbidding van die Sabbatwaarheid. Hierdie waarheid, saam met die ander wat hierby ingesluit is, moet verkondig word; maar die belangrikste aantrekkingskrag, Christus Jesus, moenie uitgelaat word nie. Dit is by die kruis van Christus dat genade en waarheid mekaar ontmoet, en regverdigheid en vrede mekaar kus. Die sondaar moet na Gólgota gebring word; met die eenvoud van ‘n klein kindjie se geloof moet hy in die verdienstes van die Verlosser vertrou, Sy geregtigheid aanvaar, en in Sy genade glo.” — Ellen G. White, *Gospel Workers*, bl. 156-157.

Die opkoms van die teenparty

Dit het nie lank geneem voordat die kerk se sukses teenkanting van die leiers in Jerusalem gekry het nie. Die hoëpriester en sy priesters waarvan die meeste van hulle Sadduseërs was, was in beheer van die tempeldiens. Die hoëpriester was ook die president van die Sanhedrin, die Joodse Raad, wat grootliks uit Sadduseërs en Fariseërs bestaan het. Omdat die Sadduseërs nie in die opstanding geglo het nie, was hulle baie ontsteld dat Petrus en Johannes die mense geleer het dat Jesus uit die dood opgewek was. Nadat hulle deur die tempelwagte gearresteer was, was die apostels in die gevangenis gesit tot die volgende dag, toe hulle voor die Raad gebring was (Handelinge 4:1–7).

Lees Handelinge 4:1–18. Wat het Petrus geantwoord toe hulle gevra was wie hulle volmag gegee het om so op te tree? Wat was Petrus se onderliggende boodskap wat die leiers as ‘n bedreiging gesien het?

Die Joodse leiers se navraag oor wie vir die apostels toestemming gegee het, kom neer op ‘n besorgdheid oor wie in beheer is. Maar Petrus het nie net verklaar dat die wonderwerk in die naam van Jesus gedoen was nie, maar ook dat verlossing alleenlik deur Hom plaasvind. Die apostels het voor die hoogste Joodse beheerliggaam verskyn; maar hulle was in diens van ‘n baie hoër outoriteit. Hierdie manne was eenvoudige, ongeskoolde Galilése vissermanne; daarom het hulle moed en welsprekendheid die toehoorders se aandag getrek. Alhoewel die leiers dit nie besef het nie, was die die apostels in werklikheid met die Heilige Gees vervul, net soos Jesus voorspel het (Matthéüs 10:16–20).

Sonder dat hulle die wonderwerk kon betwis het, – die man wat gesond gemaak was, was ook teenwoordig – het die Sanhedrin beveel dat die apostels moes ophou preek. Hulle het die boodskap net so gevrees soos die populariteit van die nuwe beweging. Deurdadig het hulle gefaal het om die bewyse reg te beoordeel, het hulle toegelaat dat vooroordeel en die begeerte vir selfbeskerming hulle optrede bepaal het. Petrus se laaste woorde vorm deel van die mees waardevolle verklarings in die Boek Handelinge: “ ‘Of dit reg is voor God om julle meer gehoorsam te wees as God, moet julle self beslis; want vir ons is dit onmoontlik om nie te spreek oor wat ons gesien en gehoor het nie’ ” (Handelinge 4:19, 20).

Dink na oor die smagting na mag en hoe dit ‘n potensiële gevaar op enige gebied en in enige konteks kan wees. Hoekom moet ons as Christene wat geroep is om dienaars te wees, versigtig vir die aantrekkingskrag van mag wees?

Ananias and Saffira

Die samevoeging van besittings in die vroeë kerk was nie verpligtend nie; dit wil sê, dit was nie 'n formele voorwaarde vir lidmaatskap nie. Nogtans was daar sekerlik verskeie voorbeelde van vrywillige vrygewigheid wat die hele gemeenskap geïnspireer het. Een so 'n voorbeeld was Bárnabas (Handelinge 4:36, 37). Hy sou, volgens die Boek Handelinge, later 'n belangrike rol gespeel het. Maar, daar was ook negatiewe voorbeelde wat die eenheid van die kerk in die binnekring bedreig het, net toe daar teenstand van buite begin kop uitsteek het.

Lees Handelinge 5:1–11. Watter lesse leer ons uit hierdie verhaal?

Alhoewel Lukas nie al die besonderhede gee nie, is daar geen twyfel dat die grondliggende probleem van Ananías en Saffira nie hulle poging was om van die geld te behou nie, maar dat dit die praktyk van misleiding was wat die gemeenskap kon beïnvloed het. Hulle sonde was nie die gevolg van 'n impulsiewe handeling nie, maar van 'n plan wat versigtig uitgewerk was, 'n voorbedagte poging “om die Gees van die Here te versoek” (Handelinge 5:9). Hulle was nie onder verpligting om hulle eiendom te verkoop en die geld vir die kerk te gee nie. Daarom, toe hulle hulself verbind het om dit te doen, het hulle miskien dit net tot hulle eie voordeel gedoen, miskien selfs om aansien te bekom onder die broeders deur wat voorgekom het as 'n prysenswaardige daad van liefdadigheid. Hierdie moontlikheid mag verklaar hoekom God hulle so swaar gestraf het. Selfs al was die kerk se gemeentelike lewe die gevolg van die oortuiging dat Jesus se koms naby was, kon so 'n optrede van Ananías en Saffira in so 'n vroeë stadium aan die belangrikheid van lojaliteit teenoor God afbreuk gedoen het en die gelowiges sleg beïnvloed het. Die feit dat daar glad nie genoem word dat Ananías kans gegee was om berou te hê nie, soos in die geval van Saffira (Handelinge 5:8), mag dalk net wees omdat die verhaal so kortliks genoem word. Die waarheid is dat, vanaf die begin tot die einde, hulle sondig opgetree het, en sonde is 'n ernstig saak in God se oë (Eségiël 18:20, Romeine 6:23), selfs as Hy dit nie altyd onmiddellik bestraf nie. Feit is dat wanneer straf uitgestel word, ons daaraan herinner moet word hoe genadig God is (II Petrus 3:9).

Hoekom moet ons versigtig wees om nie die perke van genade te oorskry soos wat hierdie twee lede van die vroeë kerk dit gedoen het nie?

Die tweede arrestasie

As die apostels gebruik kon word om God se oordeel oor sonde uit te spreek soos in die geval van Ananías en Saffira, kon hulle ook gebruik geword het om God se genade aan sondaars te bewys. Hulle kragtige gesondmakingsbediening (Handelinge 5:12–16) was ‘n tasbare bewys dat God se Gees deur hulle gewerk het. Dat selfs Petrus se skaduwee, soos geglo was, mense kon gesond maak, is opvallend. Die naaste wat daarmee in die Evangelies vergelyk kan word, is die vrou wat gesond geword het deur net aan Jesus se kleed te raak (Lukas 8:43, 44). Lukas sê egter nie dat Petrus se skaduwee gesondmakingskrag gehad het nie, maar dat die mense so gedink het. Maar, selfs as populêre bygelowigheid betrokke was, sou God nog Sy genade uitgedeel het. Nieteenstaande, hoe meer die apostels met die Heilige Gees vervul was en die tekens en wonders vermenigvuldig het, hoe erger het die jalousie van die godsdienstige leiers geraak. Dit het daartoe gelei dat die apostels ‘n tweede keer gearrester was (Handelinge 5:17, 18). Dit was eers na hulle wonderbaarlike ontsnapping (Handelinge 5:19–24) en nog ‘n kragtige toespraak deur Petrus toe hy beklemtoon het dat die apostels “aan God meer gehoorsaam [moet] wees as aan die mense” (Handelinge 5:29), dat sommige van die gesagspersone dit begin raaksien het dat daar dalk bonatuurlike invloede aan die werk was.

Lees Handelinge 5:34–39. Hoe het Gamáliël probeer om die Sanhedrin af te raai om die apostels nie leed aan te doen nie?

Die Sanhedrin was deur die Sadduseërs beheer, en die Fariseërs het ‘n invloedryke minderheid gevorm. Gamáliël was ‘n Fariseër en ‘n wetsgeleerde doktor. Hy was so hooggeag deur die Jode dat hy bekend gestaan het as “Rabban” (“ons leraar”), liever as net “Rabbi” (“my leraar”). Paulus was een van sy dissipels (Handelinge 22:3). Gamáliël het na twee ander rebelse bewegings in Israel se onlangse geskiedenis verwys wat ook volgelinge getrek het en opstande veroorsaak het. Hierdie twee leiers was egter gedood en hulle volgelinge het daarna verstrooi geraak. Die les wat hy daaruit geneem het, was dat indien die Christenbeweging van menslike oorsprong was, dit ook so gou sou verdwyn. Maar, indien dit ‘n Goddelike beweging was, soos wat die apostels beweer het, hoe kon hulle hoop om dit te keer? Hulle het na Gamáliël se raad geluister. Die apostels was geslaan en beveel om nie in die Naam van Jesus te spreek nie.

Wat vertel hierdie verhaal ons oor hoe nodig en behulpsaam goeie raad dikwels kan wees? Hoe kan ons leer om meer bereid te wees om raad te aanvaar wanneer dit nie noodwendig is wat ons eintlik wil hoor nie?

Vir verdere studie:

“Ons is rentmeesters wat, in die afwesigheid van ons Heer, aangestel is om na Sy huishouding en Sy belange om te sien waarvoor Hy na hierdie wêreld gekom het om te kom dien. Hy het na die hemel toe teruggekeer en ons in beheer gelaat, en Hy verwag dat ons moet waak en wag vir Sy verskyning. Laat ons getrou wees in wat aan ons toevertrou is, in geval Hy skielik sou kom en ons aan die slaap vind.” — Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 8, bl. 37, (vrye vertaling). “Die mense moet die heiligheid van hulle geloftes en beloftes aan God hoog ag. Sulke beloftes word gewoonlik nie so verpligtend soos ‘n skuldbewys tussen twee persone geag nie. Maar, is ‘n belofte minder heilig en bindend omdat dit aan God gemaak is? Sal die Christen nie sy verpligtinge nakom omdat dit nie deur tegniese terme beskryf word en deur wetstoepassing verpligtend gemaak word nie? Geen regsdokument of verband is meer verpligtend as ‘n belofte wat aan God vir Sy saak gemaak is nie.” — Ellen G. White Comments, *The SDA Bible Commentary*, vol. 6, bl. 1056, (vrye vertaling).

Vrae vir bespreking:

1. Jesus het saam met baie ander dinge twee onmiddellike nalatenskappe aan sy dissipels gegee: die verwagting van Sy spoedige wederkoms en ‘n wêreldwye sendingopdrag. Hoe behoort hierdie twee faktore, ons sendingbegrip en ons roeping om die evangelie aan die wêreld te gaan verkondig, ons te beïnvloed?
2. Iemand het eenkeer gesê: “Ons moet reg wees as Jesus vandag sou kom, maar aanhou werk (aan die sendingprogram van die kerk) asof Hy nog ‘n honderd jaar sou neem om te kom.” Watter wysheid is daar in hierdie sentiment, en hoe kan ons dit op ons lewensroeping toepas?
3. Hoekom moet die lewe, die dood, die opstanding en die wederkoms van Jesus die middelpunt van wat ons preek, wees? Of kyk so daarna: Is ons preke enigsins iets werd sonder om na hierdie gebeurtenisse te verwys?
4. Wat kan ons uit die verhaal van Ananías en Saffira leer oor hoe moeilik dit vir ons is om te weet wat in die harte van andere aangaan, òf dit nou goed òf kwaad is?
5. Ken jy enige moderne Gamáliëls? Of, kan jy dalk so ‘n rol vervul vir hulle wat dit nodig sou hê? Praat in die klas oor geleenthede toe wyse raad goed gewerk het, en noem voorbeelde. Watter lesse kan ons uit hierdie voorbeelde leer?